

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Friday 4 July 1975

WINDHOEK

Vrydag 4 Julie 1975

No. 3473

CONTENTS

INHOUD

Page / Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 167 Ordinance, 1975: Promulgation of ..... 1115

No. 167 Ordonnansie, 1975: Uitvaardiging van ..... 1115

**Government Notice**

**Goewermentskennisgewing**

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,  
*Acting Secretary for South West Africa.*

H. P. F. GOUS,  
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 167] [4 July 1975

No. 167] [4 Julie 1975

ORDINANCE, 1975: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1975: UITVAARDIGING VAN

The Deputy Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

Dit behaag die Waarnemende Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No.	Title	Page	No.	Titel	Bladsy
6	Income Tax Amendment Ordinance, 1975	1116	6	Wysigingsordonnansie op Inkomstebelasting, 1975	1117

No. 6 of 1975.]

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE,  
1975.*(Assented to 4 July 1975.)**(English text signed by the Deputy Administrator.)  
(Date of commencement — see sections 5(2), 6(2), 7(2),  
8(2), 9(2) and 12.)***ORDINANCE**

To amend the Income Tax Ordinance, 1974, so as to amend the definition of "gross income" to include certain refunds of pension fund contributions and interest thereon; to determine the rate of normal tax to be levied in respect of such refunds; to provide for the allowance, subject to certain conditions, of normal tax rebates in respect of partially dependent children of a taxpayer; to increase the exemption limit in respect of dividends on Special Tax-Free Indefinite Period shares in building societies; to amend the provisions relating to the levy and payment of non-resident shareholders' tax; to prescribe the rate of interest to be paid on any amount of normal tax refunded if an assessment is altered on appeal; to amend the definition of "remuneration" so as to ensure the deduction of employees' tax in cases where an amount paid or payable in respect of services rendered or to be rendered is paid by any agency; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:

Amendment of section 1 of  
Ordinance 5 of 1974.

1. Section 1 of the Income Tax Ordinance, 1974 (Ordinance 5 of 1974) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the insertion after paragraph (c) of the definition of "gross income" of the following paragraph:

"(cA) any amount (being a refund of contributions made to any pension fund and allowed as a deduction under this Ordinance or any previous Income Tax Ordinance and interest on such contributions) received by or accrued to any employee or the holder of any office from such pension fund upon or because of the termination or relinquishment of the office or employment where the making of such contributions was a condition of the holding of such office or employment: Provided that the provisions of this paragraph shall not apply—

(i) if the termination of such office or employment is due to the death of the

## WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTEBELASTING, 1975.

(Goedgekeur 4 Julie 1975.)

(Engelse teks deur die Waarnemende Administrateur geteken.)

(Datum van inwerkingtreding – sien artikels 5(2), 6(2), 7(2), 8(2), 9(2) en 12.)

**ORDONNANSIE**

Tot wysiging van die Inkomstebelastingordonnansie, 1974, ten einde die omskrywing van “bruto inkomste” te wysig om sekere terugbetalings van pensioenfondsbydraes en rente daarop in te sluit; om die skaal van normale belasting wat op sodanige terugbetalings gehef moet word te bepaal; om voorsiening te maak vir die toestaan, onderworpe aan sekere voorwaardes, van kortings op normale belasting ten opsigte van gedeeltelik afhanklike kinders van ’n belastingpligtige; om die vrystellingsperk ten opsigte van dividende op Spesiale Belastingvrye Onbepaalde Termynaandele in bouverenigings te verhoog; om die bepalings met betrekking tot die heffing en betaling van belasting op buitelandse aandeelhouders te wysig; om die skaal voor te skryf waarteen rente betaal word op enige bedrag aan normale belasting wat terugbetaal word indien ’n aanslag op appèl verander word; om die omskrywing van “besoldiging” te wysig om die aftrekking van werknemersbelasting te verseker in gevalle waar ’n bedrag betaal of betaalbaar ten opsigte van bewese dienste of dienste wat nog bewys moet word deur ’n agentskap betaal word; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:

1. Artikel 1 van die Inkomstebelastingordonnansie, 1974 (Ordonnansie 5 van 1974) – hieronder die Hoofordonnansie genoem – word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (c) van die omskrywing van “bruto inkomste” in te voeg:

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 5 van 1974.

“(cA) enige bedrag (synde ’n terugbetaling van bydraes gemaak tot ’n pensioenfonds en as ’n aftrekking toegelaat ingevolge hierdie Ordonnansie of ’n vorige Inkomstebelastingordonnansie en rente op sodanige bydraes) van sodanige pensioenfonds ontvang deur of toegeval aan ’n werknemer of ampsbekleër by of omrede die beëindiging of afstand van die amp of betrekking, waar die betaling van sodanige bydraes ’n voorwaarde was van die bekleding van so ’n amp of betrekking: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie –

(i) indien die beëindiging van bedoelde amp of betrekking aan die dood van

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

employee or office holder concerned;  
or

- (ii) if the Secretary is satisfied that the termination or relinquishment of such office or employment is due to superannuation or to ill-health or other infirmity; or
- (iii) in the case of a female, if the Secretary is satisfied that she terminated or relinquished her office or employment in order to marry; or
- (iv) in respect of so much of such amount as is proved to the satisfaction of the Secretary to have been paid, during the year of assessment during which such receipt or accrual occurred, into another pension fund or into a retirement annuity fund for the benefit of the employee or office holder concerned;”.

Substitution of section 5 of  
Ordinance 5 of 1974.

2. The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Ordinance:

“Levy of normal tax.

5. (1) Subject to the provisions of Schedule 3 there shall be paid annually for the benefit of the Territory Revenue Fund, an income tax (in this Ordinance referred to as the normal tax) in respect of the taxable income received by or accrued to or in favour of —

- (a) any person (other than a company) during the year of assessment ending the thirtieth day of June, 1974;
- (b) any person (other than a company) in respect of —
  - (i) the period of eight months ending the twenty-eighth day of February, 1975;
  - (ii) the year of assessment ending the last day of February, 1976, and each succeeding year of assessment.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE-  
BELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975).

die betrokke werknemer of ampsbeksleër te wyte is; of

- (ii) indien die Sekretaris oortuig is dat die beëindiging of afstand van bedoelde amp of betrekking aan afdanking weens ouderdom of aan swak gesondheid of ander gebrek te wyte is; of
- (iii) in die geval van 'n vrouspersoon, indien die Sekretaris oortuig is dat sy haar amp of betrekking afgestaan of beëindig het ten einde in die huwelik te tree; of
- (iv) ten opsigte van soveel van bedoelde bedrag soos wat tot bevrediging van die Sekretaris bewys word gedurende die jaar van aanslag waarin sodanige ontvangs of toevalling geskied het vir die voordeel van die betrokke werknemer of ampsbeksleër inbetaal te wees in 'n ander pensioenfonds of in 'n uitredingannuïteitsfonds;”.

2. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 5 van Ordonnansie 5 van 1974.

“Heffing van normale belasting.

5. (1) Behoudens die bepalings van Bylae 3 word daar jaarliks ten bate van die Inkomstefonds van die Gebied 'n inkomstebelasting (in hierdie Ordonnansie die normale belasting genoem) betaal ten opsigte van die belasbare inkomste ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van -

- (a) enige persoon (behalwe 'n maatskappy) gedurende die jaar van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1974 eindig; en
- (b) enige persoon (behalwe 'n maatskappy) ten opsigte van -
  - (i) die tydperk van agt maande wat op die agt-en-twintigste dag van Februarie 1975 eindig;
  - (ii) die jaar van aanslag wat op die laaste dag van Februarie 1976 eindig, en elke daaropvolgende jaar van aanslag.

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

(2) For the purpose only of calculating the rate of normal tax payable, in respect of the year of assessment ending on the last day of February, 1976, or any succeeding year of assessment, by any person whose income for the year of assessment in question includes any amount referred to in paragraph (cA) of the definition of 'gross income' in section 1, there shall be deducted from the taxable income of such person for such year of assessment the amount so included in his income, but in no case shall the rate of normal tax be less than that applicable to the first rand of taxable income and nothing herein contained shall be construed as relieving any person from liability for taxation in terms of this Ordinance upon any portion of his taxable income."

Amendment of section 7 of Ordinance 5 of 1974.

3. Section 7 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) From the amount of tax payable by any person there shall further be deducted the following additional amount in respect of each child or stepchild of the taxpayer who was alive during any portion of the year of assessment for which the assessment is made and who —

- (a) on the last day of the said year of assessment was unmarried and was not, or would not had he lived, have been over the age of eighteen years, or, if he was wholly or partially dependent for his maintenance upon the taxpayer and has not become liable for the payment of normal tax in respect of such year, over the age of twenty-one years, or, if he was wholly or partially dependent for his maintenance upon the taxpayer and has not become liable for the payment of normal tax in respect of such year and the Secretary is satisfied that he was a full-time student at an educational institution of a public character, over the age of twenty-six years; or

- (b) not being a child or stepchild referred to

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE  
BELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975).

(2) Slegs vir die doeleindes van berekening van die skaal van normale belasting wat ten opsigte van die jaar van aanslag eindigende op die laaste dag van Februarie 1976, of 'n daaropvolgende jaar van aanslag, betaalbaar is deur 'n persoon wie se inkomste vir die betrokke jaar van aanslag 'n bedrag bedoel in paragraaf (cA) van die omskrywing van 'bruto inkomste' in artikel 1 insluit, word daar van die belasbare inkomste van so 'n persoon vir bedoelde jaar van aanslag die bedrag afgetrek wat aldus by sy inkomste ingesluit is, maar die skaal van normale belasting is in geen geval minder as dié wat op die eerste rand van belasbare inkomste toepaslik is nie en die bepaling hiervan word nie so uitgelê dat 'n persoon van aanspreeklikheid vir belasting ingevolge hierdie Ordonnansie op 'n gedeelte van sy belasbare inkomste onthef word nie."

3. Artikel 7 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 7 van  
Ordonnansie 5 van 1974.

"(2) Van die bedrag van die belasting betaalbaar deur iemand word daar voorts die volgende bykomende bedrag afgetrek ten opsigte van elke kind of stiefkind van die belastingpligtige wat gedurende enige gedeelte van die jaar van aanslag waarvoor die aanslag geskied, geleef het, en wat —

- (a) op die laaste dag van bedoelde jaar van aanslag ongetroud was en nie ouer as agtien jaar, of, as hy geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir sy onderhoud afhanklik was en nie vir die betaling van normale belasting ten opsigte van bedoelde jaar aanspreeklik geword het nie, nie ouer as een-en-twintig jaar, of, as hy geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige afhanklik was vir sy onderhoud en nie vir die betaling van normale belasting ten opsigte van bedoelde jaar aanspreeklik geword het nie en die Sekretaris oortuig is dat hy 'n voltijdse student aan 'n opvoedkundige inrigting van 'n openbare aard was, nie ouer as ses-en-twintig jaar was of sou gewees het as hy die lewe behou het nie; of
- (b) terwyl hy nie 'n kind of stiefkind is wat in

## INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 6 of 1975).

in the preceding subparagraph, was incapacitated by mental or physical infirmity from maintaining himself and was wholly or partially dependent for his maintenance upon the taxpayer and has not become liable for the payment of normal tax in respect of such year of assessment,

namely the sum of forty-five rand.”.

Amendment of section 12  
of Ordinance 5 of 1974.

4. Section 12 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(4) Any amount referred to in paragraph (cA) of the definition of “gross income” in section 1 shall be deemed to have been received by or to have accrued to any employee or the holder of any office from a source within the Territory, wheresoever payment of such amount is made and wheresoever the funds from which payment is made are situate.”.

Amendment of section 13  
of Ordinance 5 of 1974.

5. (1) Section 13 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subparagraph (vi) of paragraph (i) of subsection (1) of the following subparagraph:

“(vi) in the case of a taxpayer who is a natural person, so much of the aggregate of the amounts received or accrued as dividends on six per cent, six and a half per cent and seven and a half per cent Special Tax-Free Indefinite Period shares in building societies as does not exceed seven hundred and fifty rand in any year of assessment: Provided that this exemption shall not apply in respect of any such dividend which becomes payable by a building society after the expiration of a period of five years reckoned from the date of issue by the building society concerned of the shares on which such dividend is payable;”.

(2) The amendments effected by subsection (1) shall, for the purposes of assessments and determinations of tax under the principal Ordinance, be deemed to have taken effect from the commencement of the year of assessment ended on the twenty-eighth day of February, 1975.

Substitution of section 35  
of Ordinance 5 of 1974.

6. (1) The following section is hereby substituted for section 35 of the principal Ordinance:

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE-  
BELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975).

die voorafgaande subparagraaf bedoel word nie, weens geestes- of liggaamsgebrek nie in staat was om homself te onderhou nie en geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir sy onderhoud afhanklik was en nie vir die betaling van normale belasting ten opsigte van bedoelde jaar van aanslag aanspreeklik geword het nie,

te wete die som van vyf-en-veertig rand.”.

4. Artikel 12 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 5 van 1974.

“(4) ’n Bedrag bedoel in paragraaf (cA) van die omskrywing van ‘bruto inkomste’ in artikel 1 word geag uit ’n bron in die Gebied ontvang te gewees het deur of toe te geval het aan ’n werknemer of ampsbekleër ongeag waar betaling van daardie bedrag geskied en ongeag waar die fondse waaruit betaling geskied hul bevind.”.

5. (1) Artikel 13 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subparagraaf (vi) van paragraaf (i) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 5 van 1974.

“(vi) in die geval van ’n belastingpligtige wat ’n natuurlike persoon is, soveel van die totaal van die bedrae ontvang of toegeval as dividende op ses persent, ses-en-’n-half persent en sewe-en-’n-half persent Spesiale Belastingvrye Onbepaalde Termynaandeel in bouverenigings as wat in ’n jaar van aanslag sewehonderd-en-vyftig rand nie te bowe gaan nie: Met dien verstande dat hierdie vrystelling nie van toepassing is nie ten opsigte van ’n bedoelde dividend wat deur ’n bouvereniging betaalbaar word na die verstryking van ’n tydperk van vyf jaar, gereken van die datum van uitreiking deur die betrokke bouvereniging van die aandele waarop daardie dividend betaalbaar is;”.

(2) Die wysigings deur subartikel (1) aangebring word, vir die doeleindes van aanslae en vasstellings van belasting ingevolge die Hoofordonnansie, geag in werking te getree het van die begin van die jaar van aanslag wat op die agt-en-twintigste dag van Februarie 1975 geëindig het.

6. (1) Artikel 35 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 35 van Ordonnansie 5 van 1974.

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

Income subject to tax.

35. The non-resident shareholders' tax shall be paid in respect of the amount of -

- (a) any dividend (excluding such portion thereof as consists of an interim dividend) which has been declared by any company on or after the twentieth day of May, 1975; and
  
- (b) any interim dividend the payment of which has been approved on or after that date by the directors of any company or by some other person or persons under authority conferred by the memorandum and articles of association of that company,

if the shareholder to whom the dividend or interim dividend has been paid or is payable is

- (i) a person, other than a company, not ordinarily resident nor carrying on business in the Territory; or
- (ii) a deceased estate referred to in section 13(1)(j)(ii) and such dividend is in terms of that section exempt from normal tax; or
- (iii) a company not managed nor controlled in the Territory; or
  
- (iv) a company (whether or not managed and controlled in the Territory) more than fifty per cent of the issued share capital or equity share capital (as defined in section 1 of the

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE-  
BELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975).

35. Die belasting op buitelandse aandeelhouders word betaal ten opsigte van die bedrag van -

"Inkomste aan belasting onderhewig."

(a) 'n dividend (met uitsluiting van dié gedeelte daarvan wat uit 'n tussentydse dividend bestaan) op of na die twintigste dag van Mei 1975 deur 'n maatskappy verklaar; en

(b) 'n tussentydse dividend waarvan die betaling op of na daardie datum goedgekeur is deur die direkteur van 'n maatskappy of deur iemand anders uit hoofde van magtiging deur die akte van oprigting en statute van dié maatskappy verleen.

indien die aandeelhouer aan wie die dividend of tussentydse dividend betaal of betaalbaar is -

(i) iemand anders as 'n maatskappy is wat nie gewoonlik in die Gebied woonagtig is of daarin besigheid dryf nie; of

(ii) 'n in artikel 13(1)(j)(ii) bedoelde bestorwe boedel is en sodanige dividend ingevolge daardie artikel van normale belasting vrygestel is; of

(iii) 'n maatskappy is wat nog bestuur nog beheer word in die Gebied; of

(iv) 'n maatskappy is (ongeag of dit in die Gebied bestuur en beheer word al dan nie) van wie se uitgereikte aandelekapitaal of ekwiteitsaandelekapitaal (soos in artikel 1

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), of the Republic of South Africa) of which is held, either directly or through a nominee or some other company or companies, for the direct or indirect benefit of one or more companies not managed nor controlled in the Territory; or

- (v) the holder of bearer scrip, irrespective of whether he is resident within or outside the Territory,

and was a shareholder as at the date of declaration of the dividend, or if some date other than the date of declaration of the dividend is specified as the date at which a shareholder is required to be registered to be entitled to the dividend, as at such other date."

(2) The amendments effected by subsection (1) shall be deemed to have taken effect on the twentieth day of May, 1975.

Amendment of section 37 of Ordinance 5 of 1974.

7. (1) Section 37 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Notwithstanding the provisions of section 36 the tax shall be payable by and recoverable from the persons set out hereunder, namely —

- (a) in the case of dividends distributable by any company to any person whose address appearing in the share register of the company is outside the Territory or to any holder of bearer scrip, the company by which the dividend is declared; or
- (b) in the case of dividends received by any agent in the Territory on behalf of any shareholder referred to in section 35, the agent so receiving the dividend; or

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE-  
BELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975).

van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), van die Republiek van Suid-Afrika omskryf), meer as vyftig persent of direk of deur 'n benoemde of 'n ander maatskappy of maatskappye gehou word vir die direkte of indirekte voordeel van een of meer maatskappye wat nog bestuur nog beheer word in die Gebied; of

- (v) die houer is van effekte aan toonder, ongeag of hy in of buite die Gebied woonagtig is,

en 'n aandeelhouer was op die datum waarop die dividend verklaar is, of, waar 'n ander datum as die datum waarop die dividend verklaar is, bepaal word as die datum waarop 'n aandeelhouer geregistreer moet wees ten einde op die dividend geregtig te wees, op die ander datum."

(2) Die wysigings deur subartikel (1) aangebring word geag in werking te getree het op die twintigste dag van Mei 1975.

7. (1) Artikel 37 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 37 van Ordonnansie 5 van 1974.

"(1) Die belasting is, ondanks die bepalings van artikel 36, betaalbaar deur en verhaalbaar op die persone hieronder vermeld, te wete —

- (a) in die geval van dividende wat deur 'n maatskappy uitkeerbaar is aan 'n persoon wie se adres soos dit in die aandelerregister van die maatskappy voorkom, buite die Gebied is, of aan die besitter van effekte aan toonder, die maatskappy deur wie die dividend verklaar word; of
- (b) in die geval van dividende ontvang deur 'n agent in die Gebied ten behoeve van 'n in artikel 35 bedoelde aandeelhouer, die agent deur wie die dividend aldus ontvang word; of

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

(c) in the case of dividends distributable by any company to any shareholder referred to in section 35 (iii) or (iv), the company by which the dividend is declared.”.

(2) The amendments effected by subsection (1) shall be deemed to have taken effect on the twentieth day of May, 1975.

Substitution of section 39  
of Ordinance 5 of 1974.

8. (1) The following section is hereby substituted for section 39 of the principal Ordinance:

“Determination of tax if  
company operates outside  
Territory.

39. (1) If any amount specified in section 35 has been received or is deemed to have been received from a company which derives income from sources within and outside the Territory, the tax payable in respect of that amount shall be calculated upon an amount which bears to that amount the same ratio as the sum of the net profits of the company derived from sources in the Territory bears to the total sum of the net profits derived from all sources as last determined by the Secretary, or in cases in which there has been no previous determination by the Secretary, as estimated by the Secretary according to such information as is available to him.

(2) Where such company is a company referred to in section 35 (iv), any dividend derived by such company on which the non-resident shareholders' tax has been paid, shall, for the purposes of this section, be deemed to have been derived by such company from a source outside the Territory.”.

(2) The amendments effected by subsection (1) shall be deemed to have taken effect on the twentieth day of May, 1975.

Amendment of section 40  
of Ordinance 5 of 1974.

9. (1) Section 40 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The company which in terms of section 37 (1)(a) or (c) is required to pay the tax on any dividend shall pay to the Secretary the tax due on such dividend within thirty days of the date on which the

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE-  
BELASTING, 1975**  
(No. 6 van 1975.)

(c) in die geval van dividende wat deur 'n maatskappy uitkeerbaar is aan 'n in artikel 35 (iii) of (iv) bedoelde aandeelhouer, die maatskappy deur wie die dividend verklaar word.”.

(2) Die wysigings deur subartikel (1) aangebring word geag in werking te getree het op die twintigste dag van Mei 1975.

8. (1) Artikel 39 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 39 van Ordonnansie 5 van 1974.

“Vasstelling van belasting as maatskappy buite die Gebied sake doen.

39. (1) As 'n bedrag bepaal in artikel 35 ontvang is of geag word ontvang te wees van 'n maatskappy wat inkomste verkry uit bronne binne en buite die Gebied, word die belasting wat ten opsigte van daardie bedrag betaalbaar is, bereken op 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot daardie bedrag staan as die verhouding van die totaal van die netto winste van die maatskappy verkry uit bronne in die Gebied tot die totaal van sy netto winste verkry uit alle bronne soos laas deur die Sekretaris vasgestel, of waar die Sekretaris geen vorige vasstelling gemaak het nie, soos deur die Sekretaris geskat volgens die inligting waaroor hy beskik.

(2) Waar bedoelde maatskappy 'n in artikel 35 (iv) bedoelde maatskappy is, word 'n dividend deur bedoelde maatskappy verkry waarop die belasting op buitelandse aandeelhouers betaal is, by die toepassing van hierdie artikel geag deur bedoelde maatskappy uit 'n bron buite die Gebied verkry te gewees het.”.

(2) Die wysiging deur subartikel (1) aangebring word geag in werking te getree het op die twintigste dag van Mei 1975.

9. (1) Artikel 40 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 40 van Ordonnansie 5 van 1974.

“(1) Die maatskappy wat ooreenkomstig artikel 37(1)(a) of (c) op enige dividend belasting moet betaal, betaal aan die Sekretaris die verskuldigde belasting op sodanige dividend binne dertig dae van

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

dividend is payable or within such further period as may be approved by the Secretary and shall furnish him with a return showing the names and addresses of the persons (with the amount in each case) to whom the dividend accrues and in the case of dividends payable in respect of bearer scrip the total dividends distributable to holders of such scrip.”.

(2) The amendment effected by subsection (1) shall be deemed to have taken effect on the twentieth day of May, 1975.

Substitution of section 64 of Ordinance 5 of 1974.

10. The following section is hereby substituted for section 64 of the principal Ordinance:

“Payment of tax pending appeal.

64. The obligation to pay and the right to receive and recover any tax chargeable under this Ordinance shall not, unless the Secretary so directs, be suspended by any appeal or pending the decision of a court of law under section 62, but if any assessment is altered on appeal or in conformity with any such decision a due adjustment shall be made, amounts paid in excess being refunded with interest at the rate of seven and a half per cent per annum calculated from the date proved to the satisfaction of the Secretary to be the date on which such excess was received and amounts short-paid being recoverable with interest calculated as provided in section 65.”.

Amendment of paragraph 1 of Schedule 3 to Ordinance 5 of 1974.

11. Paragraph 1 of Schedule 3 to the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (a) of the definition of “remuneration” of the following paragraph:

“(a) any amount referred to in paragraph (a), (b), (c), (cA) or (d) of the definition of ‘gross income’ in section 1 of this Ordinance; ”; and

(b) by the substitution for paragraph (ii) of the said definition of the following paragraph:

“(ii) any amount paid or payable in respect of services rendered or to be rendered

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTE-  
BELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975.)

die datum waarop die dividend betaalbaar is, of binne die verdere tydperk wat die Sekretaris goedkeur, en moet aan hom 'n opgawe verstrek waarin die name en adresse van die persone (met die bedrag in elke geval) aan wie die dividend toeval, en in die geval van dividende betaalbaar ten opsigte van effekte aan toonder, die totale dividende wat uitkeerbaar is aan besitters van sodanige effekte, aangegee word.”.

(2) Die wysiging deur subartikel (1) aangebring word geag in werking te getree het op die twintigste dag van Mei 1975.

10. Artikel 64 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 64 van Ordonnansie 5 van 1974.

“Betaling van belasting hangende appèl.

64. Die verpligting om 'n belasting hefbaar ingevolge hierdie Ordonnansie te betaal en die reg om dit te ontvang en te in, word nie, tensy die Sekretaris aldus gelas, opgeskort deur 'n appèl of hangende die beslissing van 'n geregshof ingevolge artikel 62 nie, maar indien 'n aanslag verander word op appèl of ooreenkomstig so 'n beslissing, word 'n behoorlike aansuiwering gemaak, waarby bedrae wat te veel betaal is, terugbetaal word met rente teen die skaal van sewe-en-'n-half persent per jaar bereken vanaf die datum wat, na tot bevrediging van die Sekretaris bewys word, die datum is waarop die bedrae wat te veel betaal is, ontvang is, en bedrae wat te min betaal is, verhaal kan word met rente, bereken volgens voorskrif van artikel 65.”.

11. Paragraaf 1 van Bylae 3 by die Hoofordonnansie word hierby gewysig –

Wysiging van paragraaf 1 van Bylae 3 by Ordonnansie 5 van 1974.

(a) deur paragraaf (a) van die omskrywing van “besoldiging” deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) enige bedrag in paragraaf (a), (b), (c), (cA) of (d) van die omskrywing van ‘bruto inkomste’ in artikel 1 van hierdie Ordonnansie bedoel; ”; en

(b) deur paragraaf (ii) van genoemde omskrywing deur die volgende paragraaf te vervang:

“(ii) 'n bedrag betaal of betaalbaar ten opsigte van bewese dienste of dienste wat

INCOME TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1975  
(No. 6 of 1975).

by any person (other than a person not ordinarily resident in the Territory) in the course of any trade carried on by him independently of the person by whom such amount is paid or payable and of the person to whom such services have been or are to be rendered: Provided that for the purposes of this paragraph a person shall be deemed not to carry on a trade independently as aforesaid —

(aa) if he is subject to the control or supervision of any other person as to the manner in which his duties are performed or to be performed or as to his hours of work; or

(bb) if the amounts paid or payable for his services consist of or include earnings of any description which are payable at regular daily, weekly, monthly or other intervals;”.

Short title and commencement.

12. This Ordinance shall be called the Income Tax Amendment Ordinance, 1975, and save in so far as is otherwise provided therein or the context otherwise indicates, the amendments effected to the principal Ordinance by this Ordinance shall first take effect in respect of assessments for the year of assessment ending on the last day of February, 1976.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP INKOMSTEBELASTING, 1975  
(No. 6 van 1975).

nog bewys moet word deur iemand (behalwe iemand wat nie gewoonlik in die Gebied woonagtig is nie) in die loop van 'n bedryf wat deur hom onafhanklik van die persoon deur wie bedoelde bedrag betaal word of betaalbaar is en van die persoon aan wie daardie dienste bewys is of bewys moet word, beoefen word nie: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie paragraaf iemand geag word nie 'n bedryf onafhanklik soos voormeld te beoefen nie —

- (aa) indien hy onderworpe is aan die beheer of toesig van iemand anders met betrekking tot die wyse waarop sy pligte uitgevoer word of uitgevoer moet word of met betrekking tot sy werksure; of
- (bb) indien die bedrae wat vir sy dienste betaal word of betaalbaar is uit verdienste, hoe ook al beskryf, wat betaalbaar is by gereelde daaglikse, weeklikse, maandelikse of ander tussenpose, bestaan of dit insluit;”.

12. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Inkomstebelasting 1975, en behalwe vir sover daarin anders bepaal word, of uit die samehang anders blyk, tree die wysigings deur hierdie Ordonnansie in die Hoofordonnansie aangebring, vir die eerste maal in werking ten opsigte van aanslae vir die jaar van aanslag wat op die laaste dag van Februarie 1976 eindig.

Kort titel en inwerkingtre-  
ding.